Hoërskool Delmas

Die akademiese prysuitdelingsfunksie het vroeer die jaar plaasgevind· Hier tydens is toekennings oorhandig aan 9 Top matrikulante, Louise Prinsloo, Estelle de Lange, Sane Dannhauser, Nelia Meyer, Carla van Dyk, Jana Vergeer, Stephan Bergh, Tania Gregory en Jalani Rossouw

Die gasspreker was Me Ilse van der Merwe, oudhoofleier 2004 van die skool en tans Eienaar van Preferential Communication in Pretoria wat strategiese kommunikasie werk doen vir 14 organisasies· Op haar uieke manier het sy die gehoor geboei, en gemotiveer: wees trots op jou herkoms, en dink groot!!! Die hoogste is met harde werk en positiewe denke binne jou bereik·

Daar is verlede jaar besluit om 'n spesiale maar unieke toekenning in gebruik te neem· Dit word toegeken voortaan toegeken aan persone wie se voetspore nie net op die terrein sigbaar is nie - maar veral ook in mense se harte afgedruk is· Spesiale mense met spesiale kwaliteite en lojaliteit· 'n Begin van 'n nuwe tradisie· Tydens hierdie funksie is die 'voetspoor'-toekennings dan ook vir die eerste keer aan die volgende persone toegeken:

Mnr FWT Engelbrecht (vorige skoolhoof) 'n Uitstaande leier, en vakkenner, wat met deernis bemoeienis gemaak het met ouers, personeel en leerlinge·

Mnr Junior Joubert (oudleerling, oud-ouer, oud bestuursliggaamslid asook voorsitter van die bestuursliggaam) *wat op besonderse manier diep spore gelaat het met sy positiewe gesindheid en lojaliteit aan die skool*

Mnr Adriaan Swart *vir vele bydrae en onbaatsugtige diens aan die skool op die skoolterrein, Koshuis en sportveld·*

Mnr Marius van Heerden *vir dekades-lange toewyding op die atletiekveld as afrigter·*

Mnr Adriaan Esterhuizen *wat nie net opgetree getree het as krieketafrigter nie, maar ook diep in harte geklim het deur positiewe waardes en disipline aan die spelers oorgedra het*

Me Rina van den Berg*, wiskunde kollega by die skool, wat ons nou verlaat het· 'n Uitstaande, maar nederige mens wat op 'n baie stil manier uitstaande presisie werk gedoen het, en nou 'n groot leemte laat·*